**SAAMPRAATPAPIER** **21 MEI 2017**

**JESUS HET WAARLIK OPGESTAAN!**

1. **BEANTWOORD:** Waar in die kerklike jaar/kerklike kalender bevind ons ons nou? Watter feesvierings/herdenkings lê nou voor?

2. **BESPREEK:** Glo alle Christene nog dat Jesus regtig uit die dood opgestaan het? Wat hoor julle hieroor in jul familiekring, vriende, werkkollegas?

3. **DEEL MET MEKAAR:** Hoekom glo **jy** nog dat Jesus uit die dood opgestaan het? Op grond waarvan?

4. **BESPREEK:** As Jesus regtig opgestaan het, en 'n klomp mense glo dit (80% van SA mense noem hulself Christene), hoekom lyk die wêreld soos dit lyk (moord, diefstal, oorloë, ens.)?

5. **LEES** MATTEUS 28: 1- 20. **DEEL** MET MEKAAR wat in hierdie gedeelte tot jou spreek.

6. **Wie se getuienis/ watter getuienis oor die opstanding moet ons glo?** Dit wat ons in die Bybel lees van mense aan wie Jesus verskyn het? Of die soldate en die Joodse leiers? Of ons gesonde verstand (wat maak dat sommiges sê die opstanding is moontlik, en ander sê dit is absurd).

7. **Op die einde van die dag moet ons GLO! LEES** Hebreërs 1: 1-3 en **PRAAT SAAM** oor vers 1 se inhoud en wat dit vir jou geloofslewe beteken:

*1* *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

*2* *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

*3* *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

8. **BID AS GROEP SAAM** tot GOD Drie-enig waarin julle aan die Here bevestig dat julle glo in Jesus, en aan Sy opstanding